**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersienings Nr: 362/2007

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**TEBOHO JAMES MOKHOAEBANE**

---

**UITSPRAAK:** WRIGHT, R

---

**GELEWER OP:** 12 JULIE 2007

---

[1] Die beskuldigde, ‘n 19-jarige man, is skuldig bevind aan roof en gevonnis tot 30 maande gevangenisstraf.

[2] Hy het onskuldig gepleit maar is, myns insiens, tereg deur die Landdros skuldig bevind en die enigste vraag is derhalwe of 30 maande gevangenisstraf gepas is in die lig van al die omstandighede.

[3] Die beskuldigde is ‘n 19-jarige eerste oortreder. Hy egter ter versagting van vonnis gepleit vir ‘n opgeskorte vonnis. Daar is egter ‘n verslag van ‘n proefbeampte ingehandig wat ook ‘n opgeskorte vonnis aanbeveel het.

[4] Wat die verslag van die proefbeampte betref het die Hof soos volg vermeld in sy redes ten aansien van vonnis:

> “5. ....Geen hof is egter gebonde aan die aanbeveling van ‘n

maatskaplike werker nie. In Gouws 1967 (4) SA 527 (C) laat Kotze R hom soos volg uit: "the prime function of an expert seem to me to be to guide the court to a correct decision on questions falling within his specialised field. His own decision should not however, displace that of the tribunal which has to determine the issue to be tried." In P 2001 (1) SASV 70 (K) laat Moosa R hom soos volg uit: "a presiding officer should not slavishly follow recommendation of probation officers."

6. Ek het die verslag in diepe bestudeer en oorweging geskenk aan die maatskaplike werker se aanbevelings van 'n opgeskorte vonnis en korrektiewe toesig. In soverre dit 'n opgeskorte vonnis betref, moet geen hof toelaat dat 'n beskuldigde se persoonlike omstandighede sy emosies sodanig beinvloed dat hy nie 'n gesonde oordeel behou nie. Die persoonlike omstandighede moet tesame met die ander twee faktore op 'n gebalanseerde wyse oorweeg word ten einde 'n gepaste te vonnis te vind. Selfs die feit dat die beskuldigde 'n eerste oortreder is, kan hy dit nie as 'n dekmantel gebruik om nie na die gevangenis verwys te word nie. Ek is derhalwe van mening dat 'n opgeskorte vonnis nie 'n gepaste vonnis is nie. In soverre dit korrektiewe toesig betref, het die wetgewer duidelik onderskei tussen twee soort misdadigers, naamlik dié wat deur gevangenissetting uit die gemeenskap verwyder moet word en dié wat strafwaardig is, maar nie uit die gemeenskap verwyder hoef te word nie. In die onderhawige geval is ek juis van oordeel dat die beskuldigde van die gemeenskap afgesonder moet word en is korrektiewe toesig nie 'n gepaste strafvorm nie."

Ek stem saam met hierdie opmerkings wat veral van toepassing is in die geval van roof in teenstelling met gewone diefstal en in die lig van die besondere situasie in die betrokke hof se regsgebied.

[5] Ek meen egter nie dat daar voldoende ag geslaan is op die beskuldigde se jeugdigheid, die feit dat hy 'n eerste

oortreder is en die feit dat die klaer nie beseer is nie asook die faktore wat blyk uit die bogemelde verslag. Dit geld veral wat betref die tydperk van die gevangenisstraf en meen ek dat die helfte daarvan opgeskort behoort te gewees het op gepaste voorwaardes in die lig van al die omstandighede van hierdie saak. Derhalwe meen ek dat die onderstaande vonnis in die plek van die opgelegde vonnis opgelê behoort te gewees het omdat die opgelegde vonnis in die lig van alle omstandighede sodanig onvanpas was dat daarmee ingemeng behoort te word.

[6] Bygevolg word die skuldigbevinding bekragtig maar die vonnis ter syde gestel en vervang met die volgende:

Dertig (30) maande gevangenisstraf waarvan een helfte (15 maande) opgeskort word vir ‘n periode van 4 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan roof gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie. Die vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 23 Maart 2007.

**G.F. WRIGHT, R**

/em